# 10. SAALOPENING: Sout vir die aarde

## <u>Inleiding</u>:

Vanoggend gaan ons so bietjie kyk na die gedeelte in Matt 5:13 waar Jesus die volgende sê: "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit"

Kom ons kyk eers hoekom sout so belangrik in Jesus se tyd was dat Hy dit eintlik in die Bybel noem en ONS dan ook daarmee vergelyk.

***Interessante feite oor sout:***

- Sout word gebruik om vrugte en vleis te preserver sodat dit nie vrot nie, en langer kan hou.
- Sout gee smaak aan kos.
- Sout word gebruik om wonde mee in te vryf.
- In die Bybel se tyd was dit moeilik om sout in die hande te kry, en is dus as baie kosbaar beskou. Sout was die olie van daai tyd gewees. Die een wat die sout gehad het, het die mag in die land gehad.
- Die een wat die sout gehad het, het die kos in die land beheer.
- Roomse soldate is baie keer met sout betaal i.p.v. geld as hulle salaris.

As sout so belangrik is dat Jesus ons eintlik daarmee vergelyk, dan beteken dit seker dat ons sout dan ook moet 'herken' wanneer ons daarmee in aanraking kom. - Kan jy SIEN of daar sout in kos is of nie? NEE, jy moet dit PROE – want dit gee SMAAK.

***Eksperiment: Proe-Toets***

Bring 'n paar goed saam waaraan die kinders kan proe, wat jy voor die tyd op 'n tafeltjie uitpak. Vra 'n paar vrywilligers om te kom help met 'n 'proe-toets'. Doen dit in twee 'rondtes' as jy genoeg tyd het.

Vir die eerste rondte blinddoek jy die vrywilligers en hulle moet vir jou sê of dit wat hulle proe sout in het of nie. Hou nog 'n 'stel' van dit waaraan hulle geproe het byderhand. Maak die tweede stel die 'teenoorgestelde' van die eerste. Wat in die eerste stel sout in gehad het, het in hierdie stel nie sout in nie, en so aan.

Pak nou die tweede stel uit en haal die blinddoek af. Laat die vrywilligers na die eetgoed kyk en vir jou sê of daar sout in is of nie. Laat hulle daaraan proe om seker te maak of hulle reg was, en hou 'telling' van wie deur te kon kyk reg was. (Indien jy nie genoeg tyd vir albei het nie, doen net die laaste deel sonder die blinddoeke – kyk en dan proe. Dit blinddoeke maak dit net bietjie meer opwindend as daar genoeg tyd is).

**<u>Boodskap</u>:**

Wanneer Jesus sê ons is die sout vir die aarde beteken dit dat ons dinge rondom ons moet beter maak. Ons moet probeer om die lewe vir die rondom ons beter te maak. Mense moet geniet om by ons te wees.

***Ons gaan nou bietjie kyk wat sout kan doen en hoe ons as kinders van Jesus so sout vir die
wêreld kan wees.***

1. **Haal stukkie biltong uit:**

In Jesus se tyd het hulle nie yskaste gehad nie. Hulle het sout op die vleis, vis of hoender gegooi sodat dit nie vrot raak nie. Maatjies, net so moet ons keer dat dinge "vrot" rondom ons raak soos bv. om goeie maniere te hê en te doen wat die Bybel sê al doen mense rondom ons dit glad nie.

2. **Haal medisyne botteltjie met sout in uit:**

Sout maak gesond. Om te gorrel met lou soutwater doen wonders vir 'n seer keel. Hoe dink julle kan kinders van Jesus op so 'n manier sout wees? Ons moet met ons woorde en dade mense rondom ons laat beter voel.

3. **Haal bottel water uit:**

As mens se kos baie sout is, wat gebeur? Jy raak vreeslik dors. Dan wil jy sommer vinnig 'n glas water of koeldrank drink. As julle popcorn by die fliek eet, wil julle gewoonlik koeldrank by hê, want jy weet sommer jy gaan dors wees na die sout popcorn. Hoe sal ons dan so kan sout wees? Jesus sê dat ons ander moet dors maak vir Hom en om meer van Hom te kan leer. Wanneer ander sien hoe Jesus in my lewe werk, moet hulle dors raak om Jesus te leer ken.

Jesus ook wil hê dat ons die mense rondom ons moet raaksien.

**By die skool**: Ons moet mooi rondom ons kyk en oplet as 'n maatjie dalk honger, alleen, hartseer of bang is.

**By die huis**: Ons moet na Mamma en Pappa luister, doen wat hulle sê en hulle ook help waar ons kan. Ons huiswerk doen, jou kamer skoon hou en die takies wat joune in die huis is doen sonder om 10 keer gevra te word.

Ek hoop julle het sommer baie geleer van sout en dat dit eintlik baie belangrik is. Net so is ons as kinders van Jesus ook baie belangrik en kan ons belangrike werk vir Hom doen.

**SLUIT AF MET GEBED**